



Bepalings en voorwaardes 2018

1. Die ooreenkoms

- 1.1. Die partye bevestig dat die elektroniese aansoekvorm soos deur die student voltooi alle skrywes rondom registrasie en hierdie bepalings en voorwaardes gesamentlik die ooreenkoms daarstel en bindend op die partye sal wees.
- 1.2. Desnieteenstaande 1.1 van hierdie bepalings en voorwaardes kom hierdie ooreenkoms eers amptelik tot stand by Akademia se versending van skriftelike bevestiging dat die student vir die betrokke akademiese tydperk aanvaar en geregistreer is.

2. Dienste deur akademie

- 2.1. Akademia bied aan die student die geleentheid om te registreer vir 'n program wat lei tot die verkryging van 'n kwalifikasie wat by die Raad vir Hoër Onderwys (CHE) geakkrediteer en by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies Otoriteit (SAQA) geregistreer is.
- 2.2. Akademia lewer studie-ondersteuningsdienste soos per die vereistes van die statutêre akkrediteerliggaam (Raad op Hoër Onderwys). Hierdie dienste sluit onder andere in:
 - 2.2.1. Die verskaffing van 'n elektroniese toets vir gebruik in die Akademia-onderwysmodel, waar van toepassing.
 - 2.2.2. Gedesentraliseerde kontakssessies aangebied deur gekwalifiseerde akademiese personeel.
 - 2.2.3. Die daarstelling van 'n aanlyn ondersteuningstelsel wat onder andere toegang bied tot elektroniese studie materiaal, 'n elektroniese biblioteek en 'n kommunikasiefasiliteit.
- 2.3. Akademia lewer vereiste administratiewe dienste ter ondersteuning van studieprogram en finale sertifisering.
- 2.4. 'n Kwalifikasiesertifikaat sal slegs uitgereik word indien
 - 2.4.1. Akademia 'n gesertifiseerde afskrif het van die student se identiteitsdokument en nasionale senior sertifikaat, soos uitgereik deur Umalusi;
 - 2.4.2. studies voltooi en toepaslike evaluering suksesvol geslaag is; en
 - 2.4.3. die student se rekening ten volle vereffen is.

3. Verantwoordelikhede van die student

Die student moet:

- 3.1. 'n Volledige aansoek indien vir oorweging deur Akademia.
- 3.2. Alle verskuldigde aansoek-, registrasie- en studie gelde betaal.
- 3.3. Die gedragskode van Akademia nakom soos gestipuleer in die "Studeer by Akademia"-dokument.
- 3.4. Aan die programvereistes voldoen soos jaarliks gepubliseer in die "Studeer by Akademia"-dokument.

- 3.5. Alle kontakssessies en tutoriale (waar van toepassing) bywoon.
- 3.6. Voorsiening maak vir redelike internet toegang en verstaan dat internettoegang 'n voorvereiste is om by Akademia te kan studeer.
- 3.7. Voorsiening maak vir die implikasies van waarskynlike vertraging van dienste gelewer indien aansoek om registrasie gedoen word na die sluitingsdatums van registrasies vir die betrokke akademiese jaar.

4. Bevoegdheid om ooreenkoms aan te gaan

- 4.1. Indien die kontrakterende party 'n regs persoon is, gee sodanige kontrakterende party hiermee die versekering aan Akademia dat die ondertekenaar aan die nodige wetlike vereistes en bevoegdheid voldoen om 'n ooreenkoms aan te gaan en onderworpe te wees aan die bepalings en voorwaardes daarvan. Die regs persoon neem volle verantwoordelikheid vir die terugbetaling van die totale skuld en aanvaar al die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms in geheel.
- 4.2. Indien die kontrakterende party 'n individu is, verklaar sodanige student hiermee dat hulle wettig onderworpe is aan hierdie ooreenkoms en dat, in die geval van beperkte kontraktuele bevoegdheid, die ouer/voog of kurator of medehoofskuldenaar verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die totale skuld. Al die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms in geheel word sowel gesamentlik met en afsonderlik van die student aanvaar.

5. Besonderhede van die student

Die student waarborg dat die inligting verskaf in hulle aansoekvorm in elke opsig waar en korrek is, en dat indien hierdie inligting of h gedeelte daarvan as bedrieglik, onwaar of vals bevind word kontraktbreuk van h wesenlike deel van die betrokke ooreenkoms daargestel word. In so geval sal Akademia geregtig wees om die student se registrasie te kanselleer. Die student onderneem om Akademia binne sewe dae skriftelik in kennis te stel van enige wesenlike veranderinge ten opsigte van die student se kontakbesonderhede, insluitende, maar nie beperk tot besigheids-, pos- of straatadresse, huis-, werk- of selfoonnommers en e-posadresse nie.

- 5.1. Bereikbare adres
Die student kies die adres soos verskaf as domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes wat mag voortspruit uit hierdie ooreenkoms.
- 5.2. Ander
Die student stem toe daartoe dat Akademia die reg voorbehou om:
 - 5.2.1. Die student se inligting te gebruik om die student te

voorsien van materiaal soos ooreengekom, om Akademia se verpligtinge na te kom en Akademia se regte uit te oefen binne hierdie ooreenkoms.

- 5.2.2. Die student se inligting te gebruik om die student in kennis te stel van Akademia se ander programme, produkte of dienste wat vir die student van belang mag wees.
- 5.2.3. Die student se inligting te deel met maatskappye in die Solidariteit Beweging ten einde hulle in staat te stel om die student in te lig van ander produkte wat vir die student van belang mag wees.
- 5.2.4. Die student se inligting te deel met die verteenwoordigers van Akademia se studenteraad en studiesentrums om die student in kennis te stel van aktiwiteite van die studenteraad en sentrums.

5.3. Indien enige van die dokumente vereis in die registrasievorm, insluitende, maar nie beperk tot identiteitsdokumente nie, uitgereik is in die nooiensvan van h getroude aansoeker, moet h gewaarmerkte afskrif van die huweliksertifikaat hierdie aansoek vergesel.

5.4. Akademia mag navraag doen oor die geldigheid van h student se verworwe kwalifikasies.

5.5. Akademia onderneem om binne redelike tyd h jaarplan aan die student beskikbaar te stel wat die toepaslike datums en spertye ten opsigte van kontaksessies, die inhandiging van werkopdragte, en toetse en eksamens bevat.

6. Aansoek, registrasie en herregistrasie

- 6.1. Registrasie is onderworpe aan die volgende voorwaardes:
 - 6.1.1. Die volledige voltooiing van h aansoekvorm;
 - 6.1.2. die student se voldoening aan die minimum toelatingsvereistes;
 - 6.1.3. indiening van al die vereiste dokumente as bewys; en
 - 6.1.4. betaling van die vereiste aansoek- en registrasiegelde.
- 6.2. Onvolledige aansoekvorms en -dokumentasie word nie as h geldige aansoek geag nie en sal nie verwerk word nie.
- 6.3. Nadat h aansoek volledig ingedien en die toepaslike aansoekgeld betaal is, sal die aansoek oorweeg word aan die hand van die minimum toelatingsvereistes soos gepubliseer in die onderskeie programfeiteblaie.
- 6.4. Suksesvolle aansoekers sal skriftelik daarvan in kennis gestel word. Sodra hierdie kennisgewing uitgestuur is, ontstaan h amptelike ooreenkoms tussen die student en Akademia.
- 6.5. Akademia behou die reg om enige registrasieaansoek te weier.
- 6.6. Registrasiegelde betaalbaar voor aanvang van studies sal aan student gekommunikeer word in kennisgewing soos bespreek in 6.4 en "Studeer by Akademia"-dokument.
- 6.7. Indien h student laat herregistreer vir dieselfde program (verwys na dokument getiteld "Belangrike datums vir herregistrasie") sal h laat-registrasiefooi van R500 gehef word.

7. Betaling

- 7.1. Alle bedrae betaalbaar moet op die tydstip en wyse betaal word soos gekommunikeer via die webwerf en "Studeer by Akademia"-dokument.
- 7.2. Geen vergunning of toegewing wat Akademia aan die student mag verleen sal geïnterpreteer word as h afstanddoening van Akademia se regte ingevolge hierdie ooreenkoms nie.
- 7.3. Alle aanspreeklikheid of verpligtinge wat na vore mag kom uit hierdie ooreenkoms sal afdwingbaar wees op die student, selfs na afloop van die ooreenkoms.

8. Beperking van aanspreeklikheid

Akademia sal geensins op enige manier aanspreeklik gehou word vir skade, aanspreeklikheid of verliese wat spruit uit die verskafte studiemateriaal en -inligting, of enige ander saak of optrede soos bepaal deur die ooreenkoms nie.

- 8.1. Akademia aanvaar geen verantwoordelikheid vir die student se nienakoming van datums en spertye nie. Dit is die student se verantwoordelikheid om behoorlike beplanning en tydsbestuur te doen rondom die datums en spertye soos deur Akademia bepaal.
- 8.2. Akademia behou die reg voor om wysigings tot die jaarplan en roosters te maak.
- 8.3. Alhoewel Akademia daartoe verbind is om, sover dit redelikerwys moontlik is, opleidingsdienste deurlopend en betyds te verskaf, stem die student spesifiek in dat onderrig deur die gebruik van elektroniese mediums geskied en gevolglik afhanklik is van die verskaffing van toegang tot inligtingsdienste (telefonies en data) deur derde partye. Gevolglik bevestig die student dat Akademia nie verantwoordelik gehou kan word vir verlies of skade weens enige onvermoë van Akademia om opleidingsdienste te verskaf in omstandighede wat buite die beheer van Akademia is nie.

9. Vermindering of kansellering van dienste deur die student

In die geval waar die student versoek om vakke te kanselleer, waardeur die student in wese versoek om die bepalinge van die ooreenkoms te verander, geld die volgende:

- 9.1. Kansellering van registrasie en dienste
 - 9.1.1. Alle kanselleringversoeke moet skriftelik aan die registrateur gerig word.
 - 9.1.2. Met inagnome van die bepalinge van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008, bevestig die student dat, deur registrasie as student, daar verskeie koste-implikasies na vore tree. Dit bring mee dat Akademia geregtig sal wees om, ooreenkomstig die verdere bepalinge van hierdie klousule, verhalings vanaf die student te doen welke verhalings as redelike kansellasiegelde geag word.
 - 9.1.3. Bepalinge
 - Die student bevestig dat die bepalinge hiernaas redelik, billik en afdwingbaar is:
 - 9.1.3.1. Aansoekgelde is betaalbaar alvorens die aansoek oorweeg sal word. Aansoekgelde is na die betaling daarvan nie terugbetaalbaar nie en word verbeur indien die student die aansoek kanselleer of nie voortgaan met die

registrasieproses nie.

- 9.1.3.2. Registrasiegelde soos gekommunikeer in die registrasiebevestigingsbrief is betaalbaar teen die einde van Januarie van die betrokke akademiese jaar.
- 9.1.3.3. In die geval waar die student ná betaling van registrasiegelde hulle studies kanselleer geld die volgende:
 - a) Indien die student skriftelik kanselleer voor aanvang van die eerste kontakssessie verbeur die aansoeker die registrasiegeld en is daar nie ander bedrae deur die aansoeker aan Akademia verskuldig nie.
 - b) Indien die student skriftelik kanselleer voor die eerste klastoets verbeur die student studiegelde pro rata bereken as h persentasie van die klasse bygewoon.
 - c) Indien die student skriftelik kanselleer na afloop van die eerste klastoets verbeur die student die registrasiegelde en sal hulle verantwoordelik gehou word vir 50% van die totale studiegelde plus die gedeelte van die balans pro rata bereken as h persentasie van die reeds afgelope kontakssessies.
- 9.2. Vermindering van vakke met betrekking tot skriftelike versoeke om vakke te verminder, en dus uit te stel na die daaropvolgende jaar, bevestig die student dat die bepalings hiernaas redelik, billik en afdwingbaar is:
 - 9.2.1. Vermindering tot en met afloop van die tweede kontakssessie van die betrokke akademiese jaar:
 - 9.2.1.1. Student moet nie minder as drie vakke neem vir die oorblywende deel van die betrokke akademiese jaar nie.
 - 9.2.1.2. Student moet steeds die program in die maksimum toegelate tyd voltooi.
 - 9.2.1.3. Betaalde studiegelde vir die gekanselleerde vakke word op krediet geplaas vir die daaropvolgende akademiese jaar.
 - 9.2.1.4. Student moet die volgende akademiese jaar herregistreer vir die program asook die gekanselleerde vakke.

10. Kontrakbreuk

Met inagnome van klousules 8 en 9 bevestig die student dat, indien hulle kontrakbreuk ingevolge hierdie ooreenkoms pleeg deur na te laat

om enige paaie ment teen die betaaldatum te betaal, die volle uitstaande bedrag onmiddellik betaalbaar sal wees, en Akademia gemagtig sal wees om sonder verdere kennisgewing voort te gaan om skulde vanaf die student te verhaal. Die student sal ook verantwoordelik wees vir die regskostes, asook die kostes van alle briewe, telefoonoproepe, opsporingsgelde, en ander verhalingsgelde en onkoste wat aangegaan moet word as gevolg van die student se kontrakbreuk.

11. Tabletrekenaar

Akademia voorsien eenmalig h tabletrekenaar aan elke student met die aanvang van hulle program (die Gevorderde Diploma in Projekbestuur is uitgesluit by hierdie bepaling) ten einde die student te bemagtig om by Akademia te studeer. Indien 'n student van program verander ontvang die student nie 'n nuwe (tweede) tablet nie. Alhoewel studente hulle eie toestelle mag gebruik, is dit hul verantwoordelikheid om toe te sien dat persoonlike toestelle geskik is vir die vereistes van Akademia. Studente is verder daarvoor verantwoordelik om hul toestelle byderhand te hê tydens kontakssessies en te verseker dat die betrokke toestelle in werkende toestand is.

12. Student verklaar hiermee dat

- 12.1. al die inligting in hierdie dokument korrek is;
- 12.2. die student vertrou is met die reëls en regulasies van Akademia;
- 12.3. die student verbind is tot die nakoming van al die reëls en regulasies van Akademia;
- 12.4. hulle deur aansoek tot registrasie kennis neem van en verbind is tot die nakoming van die bepalings en voorwaardes soos in hierdie dokument vervat; en
- 12.5. die student slegs by een hoër onderwysinrigting geregistreer is vir h program wat tot h geakkrediteerde hoër onderwyskwalifikasie lei.